

# Akademie Reformia



SOLI DEO GLORIA

## Akademie Reformia bied:

- 'n Skool wat onafhanklik van die staat funksioneer.
- Bystand aan verbondsouers om hulle doopbelofte teenoor God na te kom.
- Uitstekende *akademiese onderrig*.
- 'n *Dinamiese personeel* wat toegerus is vir hul taak.
- Elke kind is 'n *wenner*, aangesien elkeen volgens sy/haar eie vermoëns presteer.
- 'n *Kleuterskool* op die skoolterrein met naskoolfasiliteite en vakansiesorg.
- 'n *Nasorgsentrum* vir laerskoolleerlinge tot 17:00.
- Slagorkes, ekspo's, revue, Kunstefeeste, redenaarskompetisie, skaak, Bybelvasvrakompetisies, Nasionale 2- & 3-kamp.
- Atletiek, bulletjie-rugby, netbal, hokkie, krieket, landloop.
- Leierskapontwikkeling, opvoedkundige toere & entrepreneurskap.
- Erkenning aan alle leerlinge vir deelname aan enige skoolaktiwiteite volgens skool se kodes.
- 'n *Georganiseerde skoollewe* waar u kind in *geborgenheid* aangespoor word tot *optimum prestasie*.
- 'n Jaarblad – die "Olyfboompe" – met 'n kreatiewe samevatting van die jaar se hoogtepunte, asook foto's en interessante inligting ten opsigte van opvoeding ens.
- Rekenaarondersteunde leesprogram en rekenaarvaardigheidsklasse.

## 1. Die naam Akademie Reformia

Deur dit 'n akademie te maak, is die opsies oop vir voorskoolse, laer- en hoërskoolse asook tersiêre onderrig. Reformia verwys na die gereformeerde grondslag – *voortdurend terug na die skrifwaarhede*, maar dit verwys ook na *vernuwende denke ten opsigte van die onderwys*.

## 2. Leuse

Die leuse van Akademie Reformia is **SOLI DEO GLORIA** – aan GOD ALLEEN DIE EER.

## 3. Visie

Om Christelike onderwys en opvoeding te verskaf met die onfeilbare Woord van God as grondslag.

## 4. Missie

Akademie Reformia is 'n ouerskool wat in 1996 gestig is. Hierdie skool is gestig om ouers volgens Skrifbeginsel die geleentheid te bied om hul doopbelofte na te kom. Dit beteken dat ouers die primêre opvoeders van hul kinders is, en bly. Daarom bied 'n ouerskool soos Akademie Reformia aan ouers die geleentheid om die Christelike gees en karakter van ons skool te bepaal.

By Akademie Reformia handhaaf ons die gesag van die Bybel oor die hele lewe.

## 5. Doelstelling

Elke kind te sien as 'n unieke skepsel van God.

Te aanvaar dat elke kind in sonde ontvang en gebore is, maar ook deur die bloed van Jesus Christus van sy sonde verlos is.

Te glo dat elke kind onder leiding van die Heilige Gees 'n vrugbare lewe tot eer van God kan lei.

In ons beoefening van die wetenskap die lig van die Bybel te laat skyn.

Ons Christenskap prakties uit te leef soos wat dit deur die Drie Formuliere van Eenheid (Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls) verduidelik word.

Aan die leerlinge 'n edele werksetiek voor te hou gemotiveer deur die wete dat alles wat ons doen tot eer van God gedoen moet word.

Tot voordeel die beste onderrig in hul moedertaal naamlik Afrikaans.

Leerlinge hiervandaan die lewe in te stuur met volle menswaardigheid en ten volle toegerus om met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing hulle plek in die samelewing te gaan volstaan.

Om groter ouerbetrokkenheid te bewerkstellig deur volgehoue skakeling.

Gesonde finansiële beplanning en beheer te alle tye toe te pas.

Hoë standaarde op akademiese, kulturele en sportgebied na te streef.

## 6. Is dit 'n kerkskool?

Nee! By 'n kerkskool het die kerkraad direkte inspraak en beheer oor die skool. Akademie Reformia is 'n ouerskool. Die ouervereniging neem die besluite met aangewysde bestuursliggaam om leiding te neem.

## 7. Geskiedenis

Soli Deo Gloria! Aan God alleen die eer dat Akademie Reformia op 14 Januarie 1997 sy deure kon open met 32 leerlinge (Graad 0 tot 7) en 6 leerkrigte. Dit was alleen uit genade van die Here en toewyding van onderwysers en ouers wat hierdie droom tot verwesenliking gebring het. Die kategeese lokale van die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Suid is gebruik.

Akademie Reformia is deel van die ARSO-groep skole en werk sedert die stigting saam met die ander skole aan die ontwikkeling van 'n gereformeerde (reformatoriese) kurrikulum. Hierdie kurrikulum voldoen aan alle vereistes soos deur die Staat voorgeskryf maar daar word ook baie aandag gegee aan die Christelike inhoude wat gerig is op lewenswaarde by die leerlinge.

As opvoedkundiges wat getrou aan ons roeping wil bly en die heel beste vir die leerlinge te bewerk, glo ons dat die mees effektiewe onderrig en leer in die moedertaal geskied. Omdat ons in 'n hoofsaaklik Afrikaanse gemeenskap funksioneer, is die onderrigmedium Afrikaans.

Sedert die 3de kwartaal van 1998 gebruik Akademie Reformia die saal en kategeese lokale van die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord. Ons het ook sedert hierdie datum 'n volwaardige kleuterafdeling, Kleinbegin. Kleinbegin bestaan uit drie klasse, met hoogstens 20 leerlinge per klas en elkeen met 'n eie juffrou.

Uitstekende resultate word jaarliks behaal by die landwye Driekamp en Olimpiade.

Akademie Reformia is baie bevoorreg om 'n bestendige groei jaarliks te toon. Elke klas van Graad 1 tot 3 het 'n klasonderwyser terwyl die Graad 4 tot 12 leerlinge vakonderwys ontvang.

By Akademie Reformia gebeur baie aangename en avontuurlike dinge. Daar word elke jaar 'n konsert in een of ander vorm aangebied. Ons Graad 6, 7 en 10 leerlinge besoek die veldskool en onderneem toere na Pretoria. Die leerlinge neem ywerig deel aan Kunstefeeste en Eisteddfods.

Ons glo kinders moet in totaliteit ontwikkel daarom kry die sport ook goeie aftrek. Aan die begin van elke jaar doen ons atletiek: plaaslik en teen ander ARSO skole. In die winterseisoen speel die bulletjies rugby en groter leerlinge hokkie, netbal, landloop en krieket. Die skool is ook by SANEF geregistreer en perdry is 'n gesogte sport.

## 8. Ouer en die skool

Die onderwysers van Akademie Reformia is dankbaar dat ouers hulle kinders aan hulle toevertrou en om deel te hê in hulle opvoeding.

Hiermee begin vir die ouer 'n nuwe tydvak van samewerking met ons skool in belang van die kind. Waar ons aandag sal skenk aan die verskillende skoolaangeleenthede soos akademie, sport, kulturele bedrywighede, konserte, uitstallings en toere, word daar van die ouer verwag om sy/haar kind te onderskraag om daaraan deel te neem.

Ons skool is in die bevoorregte posisie dat dit klein genoeg is om die kind nog as individu te ken en te behandel.

Jarelank is daar ook 'n hegte band gesmee tussen die ouers en onderwysers wat saam probeer om in hierdie belangrike fase van die ontluikende kind net die beste te gee wat onderrig en ander fasiliteite betref.

Waar ouers en onderwysers mekaar met agting, dankbaarheid, erkenning, begrip en samewerking met betrekking tot die kind se opvoeding aanvul, verkry die kind 'n belangrike voorsprong ten opsigte van sy ingesteldheid teenoor sy werk, gesag en menslike verhoudings.

By Akademie Reformia streef ons veral daarna om 'n oop verhouding tussen ouers en onderwysers te hê. Inderdaad bevorder ons gesprekke tussen ouers en onderwysers te alle tye en nie net wanneer die kind 'n probleem mag hê nie. Oueraande word kwartaalliks aangebied en die ouers word aangemoedig om dit by te woon.

Dit is ook 'n voorreg om te kan sê dat ons kinders sedert 1998 sonder enige moeite inskakel by ons Hoërskole. Ons kinders se prestasies is wel bekend en hulle word duidelik uitgeken aan hul optrede as Christen-kindere.

## 9. Toelatingsvereistes

Toelating tot Akademie Reformia is onderhewig aan die goedkeuring van die Bestuursliggaam nadat daar 'n onderhoud met voornemende ouers gevoer is.

Gedrag en skolastiese vordering moet na wense wees.

Die eiendom en fasiliteite van die skool moet opgepas en bewaar word.

Die voorgeskrewe skoolfonds moet gereeld betaal word of die nodige reëlins in verband daarmee moet betyds getref word.

## 10. Profiel

'n Profiel van die kind kan saamgestel word sodat sy dominante breinhemisfeer en dominante sintuie optimaal gebruik kan word ten opsigte van posisie in die klassituasie.

## 11. Ouerleiding

Kwartaalliks word daar ouerleiding aangebied om die ouer in staat te stel om sy kind optimaal te help ontwikkel en te ondersteun.

## 12. Skooldrag

Ons amptelike kleure is: Bottelgroen, donkerblou & maroen.

Ons is gesteld daarop dat ons leerlinge in netjiese skooldrag geklee sal wees.

Die skooldrag kan direk by die skool aangekoop word en ontvang die ouers die voordeel van goedkoper skooldrag.

## 13. Skoolfonds

Akademie Reformia is 'n privaat Christelike skool wat **onafhanklik van die staat** funksioneer. Die skool word in stand gehou deur die Ouervereniging. Dit bring onder andere mee dat ouers verplig word om die skoolfonds stiptelik voor die 7de van elke maand te betaal.

U kan die skoolkantoor skakel vir verdere inligting.

## 14. Omsendskrywes & Nuusbriewe

Benewens die omsendbriewe wat gereeld aan die ouers gestuur word, gee Akademie Reformia elke tweede week 'n nuusbriewe uit waarin verslag gedoen word van al die aktiwiteite wat gedurende die twee weke plaasgevind het.

## 15. Toetse & Eksamens

Die individuele vordering van die kind word getoets deur twee eksamens en twee toetsreekse deur die jaar.

## 16. Nasorgsentrum

Besik oor 'n Private nasorgsentrum vir Kleuterskool en Laerskool. Alle navrae in die verband kan aan die skool gerig word.

## 17. Gedragskode

Al die kinders en hul ouers moet by toelating tot Akademie Reformia 'n gedragskode onderteken. Die gedragskode is daar vir elke kind se persoonlike veiligheid en vir goeie skooldisipline!

## 18. Die Skoollied

Waar die eerste goud ontdek is en die Bosveldwinde waai,  
waar haakdoring en waaigras onder blou lug swaai en draai,  
het ons rotsvas fundamente, digby Ysterberg se rand,  
is ons hier gebind deur keuse, is een geloof ons band.

Akademie Reformia, aan God alleen die eer.  
Gemotiveer en toegerus, ons kennis word al meer  
Soli Deo Gloria in huis en skool en kerk  
Reformia, in diens van God vir elke goeie werk

Ons is jong olyfboomtakke, in ons wese die verbond  
met die Woord van God as basis in die belofte vas gegrond  
in ons harte blink die goudstof van die ligstraal uit die Woord  
en in ons taal, in ons kultuur, gaan ons vasberade voort.

Akademie Reformia, aan God alleen die eer  
Gemotiveer en toegerus, ons kennis word al meer  
Soli Deo Gloria in huis en skool en kerk  
Reformia, in diens van God vir elke goeie werk

Woorde & Musiek: Me Bessie Jordaan  
'(1998)

## 19. Kleinbegin Pre-primêr

Akademie Reformia beskik oor sy eie kleuterskool wat kleuters vanaf 2 jaar oud voorberei vir graad 1.

Kleinbegin bedryf 'n goed-ontwikkelde program wat daarop gerig is om die kind in totaliteit te ontwikkel. Dit sluit ouditiewe, en perseptuele vaardighede, groot en klein motoriese ontwikkeling en skeppende aktiwiteite in. Sang, rympies, bekendstelling aan Engels, rekenaarvaardigheid en aanleer van Wiskundige begrippe dien as bykomende verryking.

Naskoolfasiliteite vir die kleuters is ook beskikbaar.



*"Die toekoms van die samelewing word in 'n groot mate in die klaskamer geskryf."*

Om rotsvas te kan staan, moet vaste beginsels gevestig word. Opvoeders beïnvloed die ewigheidswaardes van die kind en daarom is dit die etos van ons skool om te verseker dat u keuse, die keuse in die regte rigting vir u kind sal wees. Ons kinders is lewende boodskappe wat ons die toekoms instuur, na 'n tyd wat ons self nie sal sien nie. Hier wil ons u kind verwelkom in u wêreld waar hy/sy kan ontwikkel na sy eie beeld en om sy/haar eie gedagtes selfstandig aan te wakker. Almal het 'n plekkie om te vul in die wêreld. Ons bou graag saam met u en u kind aan daardie roeping.

U is ook welkom om die hoof van Akademie Reformia te skakel.

## Akademie Reformia

### KANTOORURE:

Maandae tot Donderdae: 07:15 tot 16:00  
Vrydae: 07:15 tot 14:00

### TELEFOON- & FAKSNOMMER:

015 – 298 8145

### POSADRES:

Die Hoof  
Akademie Reformia  
Posbus 483  
THORNHILL PLAZA  
0882

### STRAATADRES:

h/v Potgieter- & Dap Naudestr.

### E-POS:

akademie@offtech.co.za

### WEB-WERF

[www.akademiereformia.co.za](http://www.akademiereformia.co.za)